

NUWE NAAM VIR LUS?

Van ons Ou Testament redaksie

LUS. - 'n Reisiger wat hier oorgeslaap het, ene Jakob seun van Isak, het in die nag só 'n verruklike visioen gesien dat hy 'n ernstige pleidooi tot die stadsvaders gerig het om die stad se naam te verander na Bet-El, wat "huis van God" beteken.

Volgens Jakob het hy in die visioen 'n leer op die aarde sien staan. Die punt van die leer het tot in die hemel gereik, en engele van God het op en af met die leer geklim. Hy beweer dat God self toe aan hom verskyn het, vandaar die naam Bet-El. Jakob het ook vanoggend 'n gedenksteen hier opgerig om die gebeurtenis in herinnering te hou.

Kanaän Granietwerke



- Grafstene
- Plekname
- Straatname

Ons meestersvakmanne sal
jou naam verewig!

Besoek ons vandag nog by Lus.

Inwoners van die stad met wie ons gepraat het, is nogal nie ongeneë vir die nuwe naam nie. Hulle wag egter om te kyk wat die stadsvaders gaan besluit. 'n Raadsvergadering om die voorgestelde naamsverandering te bespreek, is vir volgende Dinsdag belê.

- Lees hiervan in [Gen. 28:10-22](#).

Profeet oorleef drie dae in vis se maag



Die profeet Jona, veilig op land

JOPPE. – 'n Man het gister in 'n gehawende toestand hier aangekom nadat hy na bewering drie dae en drie nagte lank in 'n vis se maag was.

Die man wat hierdie ongelooflike ervaring gehad het, is Jona seun van Amittai, 'n hofprofeet van Israel. Hy was op pad na Tarsis, ook bekend as Spanje, toe 'n geweldige storm die skip waarin hy gereis het, oorval het. Hy het oorboord geval en sou waarskynlik verdrink het as die vis hom nie ingesluk het nie.

Die vissers wat hom op die strand gekry het, het sy storie bevestig. Hulle sê hulle het gisteroggend 'n reusagtige vis naby die strand opgemerk, maar hy is weer weg voordat hulle naby hom kon kom. Kort daarna het hulle die man op die strand sien lê.

Die Bybelkoerant het verneem dat Jona van God af wou wegvlug toe die storm op see hom oorval het. Jona wou egter nie enige kommentaar lewer oor die berigte nie.

- Lees hierdie ongelooflike verhaal in [Jona 1](#) en [Jona 2](#).

Koning onthaal vyand in paleis

SAMARIA. – Koning Joram het gister sy politieke raadgewers die harnas ingejaag toe hy 'n gulde kans om die Arameërs 'n gevoelige knou toe te dien, deur sy vingers laat glip het. 'n Sterk Aramese mag het in 'n lokval beland toe hulle niksvermoedend Samaria binnegekom het. Die koning het hulle gevang, maar in plaas daarvan dat hy dié elite-troepe laat doodmaak het, het hy hulle in die paleis

onthaal voordat hy hulle na hulle koning teruggestuur het.

Die man wat vir die lokval én die ongewone behandeling van die vyand verantwoordelik is, is Elisa, die man van God. Elisa het die afgelope tyd die Arameërs se planne herhaaldelik gefnuik deurdat hy telkens koning Joram vooraf ingelig het oor waar die koning van Aram die volgende aanval sou loods. Die Arameërs het dit uitgevind en het Elisa in Dotan vasgekeer. Op die Godsman se gebed is hulle egter met blindheid geslaan. Elisa het toe aangebied om hulle die pad te wys, en het hulle ewe niksvermoedend tot binne-in Samaria gelei!

Ons korrespondent berig dat die koning van Aram laat gistermiddag aangekondig het dat hy alle vyandelikhede teen Israel staak. Sy leërs het ook sedertdien uit die land padgegee.

- Lees hiervan in [2 Kon. 6:8-23](#).

Om oor na te dink

Baie jare ná die gebeurtenisse waarvan op hierdie bladsy berig word, het die apostel Paulus gejubel: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here” (Rom. 8:38,39). Dit het Jakob ook daardie nag by Bet-El ontdek en verruk uitgeroep: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.” En op die gebed van die vrome Godsman Elisa het sy slaaf raak gesien wat Elisa geweet het: dat God sy kinders met ’n hele leërmag omring en beskerm. In die woorde van Elia (2 Kon. 6:16): “Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as wat hulle is.”

God is oral. Ons kan nooit aan sy aandag ontglip nie, al probeer ons ook, soos Jona probeer het. Gelukkig kan ons nie. Gelukkig dat Hy Jona nie los om in sy dwaasheid weg te vlug nie. Gelukkig dat Hy ons nie toelaat om ons eie gang te gaan nie. Die Heidelbergse Kategismus noem dit ons “enigste troos in lewe en

sterwe”.

Hoe vreeslik sou dit nie wees as ons moontlik per ongeluk – of aspris – onder God se liefdevolle sorg kon uitval nie! Hoe maklik sou ons nie dan in Satan se kloue kon beland nie!

“U omsluit my van alle kante,” sê Dawid in Ps. 139:5. Ook vir jou omring God vandag met sy goedheid en liefde (Ps. 23:6). Dit is die evangelie. Prys God vandag daarvoor. Halleluja!

Vrou word soutpilaar

Van ons Ou Testament redaksie

SOAR. – ’n Man het hier beweer dat sy vrou in ’n soutpilaar verander het toe hulle uit Sodom gevlug het net voor die verwoestende ramp die stad getref het.

Lot, ’n broerskind van die bekende donkiehandelaar Abraham van Hebron, is glo die aand voor die ramp deur twee onbekende mans ingelig oor die dreigende gevaar. Die mans het hom en sy gesin beveel om so vinnig moontlik pad te gee. Hulle moes vlug sonder om om te kyk, want, het die mans gesê, God gaan die stad straf oor sy sonde.

’n Entjie van die stad af het sy vrou glo omgedraai omdat sy van die kosbaarhede wat hulle in die huis moes agterlaat, wou gaan haal. Dit was toe dat sy in ’n soutpilaar verander het. Slegs Lot en sy twee dogters het die ramp oorleef.

- Lees hiervan in [Gen. 19](#).

NABOT GESTENIG

JISREËL. - Die boeregemeenskap hier is met skok vervul oor die dood van een van die gesiene boere van dié vrugbare vlakke. Nabot, die eienaar van 'n spogfamilieplaas net langs die koning se somerpaleis, is met klippe doodgegooi nadat hy skuldig bevind is aan Godslastering. Hy het ook die koning gevloek, het die plaaslike hof bevind.

Hardnekkige gerugte doen egter die ronde dat sy dood 'n goed beplande set van koningin Isebel is om die grond van Nabot in die hande te kry. Dit is 'n algemeen bekende feit dat koning Agab lankal sy oog op die wingerd het, aangesien dit aan sy paleisgronde grens. Hy het juis verlede week 'n aanbod vir die grond aan Nabot gemaak, maar Nabot het geweier. Die koning was volgens gerugte baie teleurgesteld omdat hy nie daarin kon slaag om die grond te bekom nie.

Koning Agab het net na Nabot se dood op die grond beslag gelê.

- Lees hiervan in [1 Kon. 21:1-16](#).

Generaal gesond; Elisa se kneg siek

SAMARIA. - Die wonderbaarlike genesing van genl. Naäman waaroor ons verlede week berig het, het 'n tragiese nadraai gehad toe Elisa se kneg, Gehasi, melaats geword het.

Sover vasgestel kan word, het Gehasi melaats geword kort nadat genl. Naäman vertrek het. Blykbaar wou die profeet geen vergoeding van die generaal aanvaar omdat hy hom gesond gemaak het nie. Gehasi het toe sonder sy meester se medewete 'n betaling van 68 kg silwer en twee stelle klere van Naäman gevra en dit in sy kamer versteek. Die profeet het dit uitgevind en aangekondig dat Gehasi as straf self melaats sal word.

Hy het Gehasi uit sy diens ontslaan.

- Lees hiervan in [2 Kon. 5:15-27](#).

Mededeelsaamheid kenmerk gemeente

Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. - Ou inwoners van die stad praat met groot lof van die nuwe gemeente van Jesus. "Dit is verbasend dat hierdie mense alles vir mekaar oorhet, en dit terwyl die meeste van hulle mekaar maar onlangs eers leer ken het," het een teenoor ons opgemerk.

Toe *Bybelkoerant* ondersoek ingestel het, kon ons nie anders as om dit ook op te merk nie. Niemand hou sy goed net vir homself nie. Party lede van die gemeente verkoop selfs hulle eiendom om uit die opbrengs ander lede te kan ondersteun.

- Lees [Hand. 4:32-37](#).

Om oor na te dink

Dit is nie nodig om die verwoestende gevolge van materialisme (vir jouself én ander) uit te spel nie; uit hierdie paar gedeeltes is dit duidelik genoeg. As jou besittings jou god word, is daar min vryheid oor om agter die Here Jesus aan te loop. Die ywer na meer maak jou blind vir die nood van ander, want jy leef net vir jouself en jou goed. Wanneer jy ontdek dat alles wat jy het, in elk geval aan God behoort, dat dit net aan jou geleen is om met vreugde te geniet, gaan jou hart oop vir ander, en word dit moontlik om ander lief te hê.

Is jou aardse besittings jou hoogste goed?

Stede vergaan in rook en as

Van ons Ou Testamen redaksie

SOAR. – In 'n ramp van ongekeende omvang is die twee stede Sodom en Gomorra gister geheel en al verwoes.

Volgens ooggetuies het dit gelyk of vuur en swael uit die hemel op die stede gereën het. Dit het oor die hele gebied gerook asof dit 'n steenoond is. Die aarde het oopgeskeur en die stede eenvoudig ingesluk, sodat die water van die nabygeleë Dooie See die hele gebied in die omgewing van die stede oordek het. Vanoggend is die enigste teken dat daar eergister nog 'n uiters welvarende gemeenskap gewoon het, die verkoolde lyke van mense en diere wat hier en daar in die water dryf.

Dit is onwaarskynlik dat iemand die ramp oorleef het, hoewel mense in die nabygeleë dorpie Soar, wat op 'n onverklaarbare wyse behoue gebly het, beweer dat 'n man en sy twee dogters gisteroggend vroeg daar aangekom het. Hulle het blykbaar net betyds uit Sodom gevlug.

- Lees hiervan in [Gen. 18:16-33](#); [19:23-30](#).

Stad kom tot inkeer

NINEVE. – Dié groot stad is tot stilstand geruk toe die koning in 'n proklamasie al die inwoners tot berou opgeroep het.

Die oproep volg op die prediking van 'n Israelitiese profeet Jona, seun van Amittai, waarin hy onlangs aangekondig het dat die stad Nineve oor net veertig dae verwoes sal word. Die inwoners van die stad het hierop spontaan 'n dag van vas aangekondig en rouklere aangetrek. Die berig het die koning bereik, en na beraadslaging het hy en sy raadgewers beveel dat die hele stad hieraan moet meedoen. Die koning vra onder andere “die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het”.

Ondertussen berig ons verslaggewer dat die profeet wat vir al die drama verantwoordelik is, onder 'n sonskerm buite die stad sit en weier om die koning te woord te staan. Hy wou ook nie met die pers praat nie.

- Lees hiervan in [Jona 3](#) en [4](#).

GENL. NAÄMAN GESOND

ARAM. - Die hoof van die Aramitiese leër, genl. Naäman, het vanoggend as 'n gesonde man uit Israel teruggekeer. Hy het 'n paar weke gelede daarheen gereis nadat hy verneem het dat daar iemand is wat hom moontlik van sy melaatsheid kan genees.

Die generaal, wat al 'n geruime tyd siek is en al elke denkbare raad probeer het om gesond te word, het van die man gehoor by sy vrou se slavin, 'n jong dogtertjie uit Israel. Sy het vertel van 'n profeet in Samaria wat haar meneer sal kan genees.

Genl. Naäman vertel 'n ongelooflike verhaal. Die profeet Elisa het hom nie eens ontmoet nie en slegs 'n boodskapper gestuur met die raad dat hy hom sewe keer in die Jordaanrivier moes gaan was. "Ek was so kwaad dat ek net daar omgedraai het om terug te kom," erken die generaal. "Gelukkig het my amptenare my omgepraat om dit tog maar te probeer, en nou's ek gesond. Ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel."

- Lees die verhaal in [2 Kon. 5:1-16](#).

Nuwe sekte groei bestendig

Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. - Die nuwe sekte, die Volgelingen van Jesus, waaroor ons vroeër berig het, groei nog steeds. Na die aanvanklike groot getal bekeerdes op Pinksterdag word daar nog elke dag nuwe lede by die groep gevoeg. Hoewel die Joodse Raad geen goeie woord vir die nuwe godsdienstige rigting het nie, geniet hulle groot aansien onder die inwoners van die stad.

- Lees hiervan in [Hand. 2:43-47](#).
-

Om oor na te dink

Van die begin af is dit duidelik dat God in sy handeling met ons méér van ons verwag as om net maar in Hom te glo. Hy verwag ook van ons om sy getuies in hierdie wêreld te wees. Wanneer Hy vir Abraham uit Ur roep om die vader van 'n nuwe volk te word, is deel van sy roeping: "... jy moet tot 'n seën wees" (Gen. 12:2b). Het Lot, wat beslis ook van hierdie opdrag bewus moes wees, dit maar as sy verantwoordelikheid ook beskou! Dan wás daar moontlik tien regverdiges in Sodom en het die stad behoue gebly, soos die heidense stad Nineve baie later. Ongelooflik hoe hard God moes spook om Jona sover te bring dat hy - weliswaar uiters onwillig - sy roeping uitleef.

God vra nie van ons almal om soos Abraham of Jona ver weg te gaan om 'n opdrag uit te voer nie. Ons kan dit meestal in ons eie omgewing doen, soos die eerste gelowiges in Jerusalem, en soos Naäman se slavinnetjie. God vra net gewilligheid, omdat ons omgee vir die mense om ons.

Gee jy om? Is jy gewillig?

Sakeman uit Egipte geskop

Van ons Ou Testament redaksie

MEMPHIS. - 'n Skatryk Semitiese donkiehandelaar, Abram seun van Tera, is gister met vrou en besittings en al gedeporteer. Die uitsettingsbevel is deur die farao self uitgereik nadat daar 'n ernstige vertrouensbreuk tussen Abram en die farao ontstaan het.

Abram se beeldskone vrou, Sarai, was volgens ingeligte bronne in die paleis die oorsaak van die breekspul. Na wat verneem word, was die farao, wat alom bekend daarvoor is dat hy 'n oog vir mooi vroue het, onder die indruk dat Sarai Abram se suster is, en hy was van voorneme om met haar te trou. Nadat sy egter in sy harem opgeneem is, het die een ramp na die ander die paleis getref. Die farao het onraad vermoed en Abram gekonfronteer. Dit kom toe uit dat Abram self die storie versprei het dat Sarai sy suster is, omdat hy vir sy lewe gevrees het. Hy was glo bang iemand vermoor hom om sy vrou in die hande te kan kry!

Kenners het hulle verbasing uitgespreek oor die feit dat Abram toegelaat is om sy besittings saam te neem. 'n Aansienlike deel daarvan is naamlik geskenke wat die farao nog vir hom gegee het toe hy Sarai die hof gemaak het. "Dit moet 'n merkwaardige vrou wees dat die farao haar én haar man se lewe gespaar het ten spyte van die vernederende ervaring," het een van die paleisamptenare gesê.

- Lees hiervan in [Gen. 12:10-20](#).

Stad ontkom wonderbaarlik

SAMARIA. – In wat deur politieke kenners as "niks anders nie as 'n wonderwerk van Bo" bestempel is, het Samaria, die hoofstad van Israel, gisteraand aan die dodelike wurggreep van Ben-Hadad van Aram se beleëring ontkom.

Gisteroggend was daar nog geen teken dat die einde van die stryd in sig is nie, maar teen skemer gisteraand het die hele leër van Ben-Hadad sonder enige duidelike rede inderhaas onttrek. Dit wil lyk asof die Arameërs op die vlug geslaan het, want hulle het die hele kamp net so gelos met tente, kos, perde en donkies. Die hele pad na die Jordaan het ook vol klere en artikels gelê wat die Arameërs weggegooi het in hulle haas om weg te kom.

Die onttrekking het aan die lig gekom toe vier melaatses wat buite die stadspoort gebly het, besluit het om kos by die Arameërs se kamp te gaan bedel. Toe hulle daar ontdek dat alles verlate is, het hulle na die stad teruggekeer met die blye nuus.

Die hongersnood in die stad as gevolg van die beleëring was eergister nog só fel dat 'n donkieskop teen net onder 'n kilogram silwer op die mark verhandel is, en 'n

klein skeppie duiwemis teen 57 gram. Desperate inwoners het selfs begin om hulle eie kinders te slag en te eet. Vandag is daar egter oorvloed, danksy die kos wat die Arameërs agtergelaat het. Markpryse het teruggesak tot wat dit voor die beleg was. Vyf kilogram meel of nege kilogram gars kos nou weer net elf gram silwer!

- Lees hiervan in [2 Kon. 6:24-33](#) en [7:1-20](#).

Offisier in stormloop doodgetrap

SAMARIA. - Die beëindiging van die beleg van die stad het 'n tragiese nadraai gehad toe 'n senior offisier en vertroueling van koning Joahas in 'n stormloop in die stadspoort doodgetrap is.

- Lees hiervan in [2 Kon. 7:17-20](#).

Om oor na te dink

Glo jy in God? Glo jy in sy wondermag? Natuurlik! Dis mos waarom jy met die Bybel besig is.

Maar glo jy régtig in sy wondermag, ook in jóú lewe? Die gebeurtenis in Egipte toon vir ons baie duidelik hoe maklik dit kan gebeur dat iemand wat glo, selfs iemand soos Abram, in die strik van kleingeloof kan trap. Abram het in sy krisis in Egipte begin twyfel aan God en God se vermoë om teen alle waarskynlikheid in sy belofte aan hom dat Hy hom sal seën en tot seën sal maak, in vervulling te laat gaan. Daarom begin hy halwe waarhede (leuens?) vertel om sy bas te red.

Koning Joahas se adjudant het ook nie in God se wondermag geglo nie. Daarom antwoord hy die Godsmen Elisa, toe dié uitkoms vir Samaria voorspel: “Dit is onmoontlik selfs al maak die Here vensters in die hemel sodat dit nou reën” (2 Kon. 7:2). Want hy redeneer soos 'n mens.

Gelukkig is God nie 'n mens nie. Hy kan sake wat vir ons totaal onoplosbaar lyk, in 'n oogwink handomkeer verander. Hy bewaar op die ou end Abram en Sarai se huwelik; Hy bewerk 'n ongelooflike uitkoms vir Samaria. Hy is ook in jou lewe besig! Hy kan ook vir jou uitkoms bring in 'n saak waarvoor jy lankal die handdoek ingegooi het, 'n saak waarvoor jy miskien nie eens meer bid nie omdat jy opgehou het om te glo dat dit nog kan regkom.

Glo dit vandag! Dit is die evangelie, die goeie boodskap dat ons 'n God aanbid wat magtig is om deur sy krag oneindig meer te doen as wat ons ooit kan bid of dink ([Ef. 3:20-21](#)).